

Donderdag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 54:1-9

Fokusgedeelte: Psalm 54:6
(1933/53-vertaling)

Waarheen nou?!

Dawid is in hierdie Psalm diep geraak deur sy eie mense wat hom verrai het. Hy het vir Saul na die Sifwoestyn gevlug. Daar het Saul se seun Jonatan hom nog kon besoek en bemoedig (vgl. 1 Sam. 23:15-18). Kort hierna gebeur die tragiese, ons kan dit karaktermoord noem! Die mense van Goresa, Dawid se eie mense in die suide van Judea, het by Saul Dawid se skuilplek verklik. Hulle het op dié verraderlike wyse Saul se guns probeer wen. Dit het Dawid in groot gevaar gebring toe Saul hom op die klipprante van Maon omsingel het (vgl. 1 Sam. 23:27). Die rots in Maon waar hy toe weggekrui het, kon hom ook nie waarlik red nie. So beleef hy terugslag na terugslag, hy voel hy het nêrens om meer heen te gaan nie. Waarheen nou?!

In sy angs bid hy – ja, hy bid dit wat elke mens as ons mees basiese gebed kan beskou. HERE, help my! Die eerste gebed wat ons in die Psalmboek aantref, Psalm 3, is alreeds gevul met wat die mens as sy mees basiese behoefte beleef. Toe alreeds het die wete soos 'n eggo kon antwoord – watter heerlike belydenis om as kerke dit steeds te bely: Hulp kom net van die HERE af!

In hierdie Psalm is dit nie anders nie. God het Dawid wonderlik gehelp. Toe Dawid se nood op sy grootste was, kom daar skielik uitkoms. Daar kom 'n berig na die manskappe op Dawid se spoor dat hulle dadelik moet omdraai en hulle moet gou maak, want die Filistyne het 'n inval in die land gedoen (vgl. 1 Sam. 23:26-27). So is Dawid wonderbaarlik deur die Here gered. Saul se bose planne is verydel.

As kerk van Christus wat op hierdie datum 162 jaar gelede in Rustenburg tot 'n kerkverband kon ooreenkom, moet ons altyd besef, ook in ons tyd van nood en benoudheid, ons moet bly bid. Soos wat Jonatan se woorde vir Dawid tot bemoediging kon dien om hom met geloofsvertroue te vul, so moet ons as kerke en gelowiges ook mekaar bemoedig tot geloofsvertroue.

Die Here kan ons waarlik help. Hy het ons nog altyd gehelp. Jesus, Seun van Dawid, het gesterf vanweë leuens en verraad. Tog is sy dood in ons plek die volkome bewys hoe hulp van die Here kom. Hy wat sal sorg dat reg geskied. Mag ons as kerkverband nog altyd die Here dank vir die jare wat verby is, maar ook op Hom deur sy Gees bly vertrou in die jare wat kom.

Sing: Psalm 86-1:1

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)